Afrikaanse Taalgeskiedenis

"Afrikaans...(is) die uitgedrukte siel van ons volk"
- C J Langenhoven

Doelwit: *Die Afrikanervolk het 'n besondere bydrae gelewer tot die ontwikkeling van Suid-Afrika. Met hierdie kenteken word gepoog om die kultuur van die Afrikanervolk aan die Verkenner oor te dra en so uit te bou om ons kultuurerfenis te waardeer en te bewaar*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
4. 'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.
5. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.

ABC: Met hierdie kenteken word Afrikanerskap hoofsaaklik aangespreek. Daar word van die Verkenner verwag om meer kennis op te doen oor sy taal en die uniekheid daarvan. Deur middel van die kenteken sal die rykdom van Afrikaans ontdek word. 'n Daadwerklike bydrae tot die voortbestaan van Afrikaans moet ook deur middel van die kenteken gemaak word.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	2 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Indien die spesialisasie in span-/groepsverband afgehandel word, moet al die onderskeie keuses gedek word. • Vereistes 1 en 2 is werkstukke wat individueel of in groepsverband gedoen kan word. 'n Groep moet nie uit meer as 2 of 3 lede bestaan nie. • Slegs een onderwerp uit vereiste 1 en een uit vereiste 2 moet gedoen word. Die werkstukke moet op plakkate gedoen word met prente/sketse om dit toe te lig. (Elke groepie of individu voltooi dus een plakkaat van 'n onderwerp uit vereiste 1 en een plakkaat uit vereiste 2.) • 'n Model moet gebou word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *'n Verslag skryf (of 'n rekenaargesteunde aanbieding - Powerpoint-aanbieding maak) oor die ontstaan en vroeë ontwikkeling van Afrikaans. Klem moet gelê word op die volgende:*
   - *1.1 Die verskillende teorieë oor die ontstaan van Afrikaans.*
   - *1.2 Die vroegste geskrifte in Afrikaans.*
   - *1.3 Die Genootskap van Regte Afrikaners.*
   - *1.4 Die Patriot.*
   - *1.5 Die Bybelvertaling.*
   - *1.6 Die amptelike erkenning van Afrikaans.*

2. *'n Verslag skryf (of 'n rekenaargesteunde aanbieding - Powerpoint-aanbieding maak) oor die verskeidenheid van die Afrikaanse taal van die vroegste gebruik daarvan tot op hede (nuwe millennium). Maak ruimskoots gebruik van voorbeelde. Die volgende aspekte moet aandag kry:*
   - *2.1 Die woordeskat van Afrikaans met verwysing na erfgoed, leengoed, eiegoed.*
   - *2.2 Verskillende soorte Afrikaans, bv. Kaapse Afrikaans, Griekwa-Afrikaans ensovoorts.*
   - *2.3 Afrikaans as wetenskapstaal – hoe het die taal tred gehou met byvoorbeeld rekenaar- en ruimtetegnologie, mediese navorsing, ensovoorts.*
   - *2.4 Afrikaans as musiektaal – lewer ligte Afrikaanse musiek 'n bydrae tot die voortbestaan en ontwikkeling van Afrikaans?*

Afrikaanse Taalgeskiedenis

3. *n Kort lewenskets skryf (of 'n rekenaargesteunde aanbieding - Powerpoint-aanbieding maak) oor **een** bekende Afrikaanse skrywer/digter/dramaturg uit **elkeen** van die volgende tydperke. Noem ook bekende werke van elke kunstenaar.*
   - *3.1. 1850 tot 1900.*
   - *3.2. 1900 tot 1930.*
   - *3.3. 1930 tot 1940.*
   - *3.4. 1940 tot 1950.*
   - *3.5. 1950 tot 1960.*
   - *3.6. 1960 tot 1970.*
   - *3.7. 1970 tot 1980.*
   - *3.8. 1980 tot 1990.*
   - *3.9. 1990 tot 2000 en daarna.*

4. *'n Keuse maak van een of meer geskrifte uit elke tydperk om die verandering en ontwikkeling van Afrikaans aan die hand daarvan te illustreer. Stel byvoorbeeld 'n program saam waarin gedigte vanaf die GRA-tydperk tot vandag voorgelees of voorgedra word sodat die ontwikkeling van die taal duidelik gehoor kan word.*

5. *Navorsing doen oor die Taalmonument in die Paarl en aan die hand van 'n selfgeboude model van die monument (of sketse en/of foto's daarvan) die simboliek van die monument verduidelik, asook hoe dit tot al die inwoners van die land en Die Voortrekkers in besonder spreek.*

6. *'n Studie maak van sake wat die voortbestaan van Afrikaans kan beïnvloed, hetsy positief of negatief.*

7. *Navorsing doen oor die pogings van organisasies wat Afrikaans bevorder en riglyne opstel oor hoe elke Voortrekker 'n bydrae kan lewer tot die bevordering van Afrikaans.*